God skep bedienaars van sy Woord vir sy kerk

Ds. PJ Kriel 07.12.2024

Inhoud Hierdie is die preek met die bevestiging van proponent Johan Mostert deur ds. Petrus Kriel as die nuwe leraar van die NG Gemeente Levubu. Hierdie preek wys dat God self bedienaars van sy Woord skep in en deur die goddeloosheid van spirituele leiers wat die kerk hulle eie spirituele speelplek maak.

Skriflesing 1 Samuel 1: 1 – 20, 24 – 28; 2 Sam. 2: 12 – 17, 22 – 28. 30; 3: 1.

Teks 1 Sam. 1: 28 “Solank as wat hy leef is hy geleen aan die Here.”

Tema God skep bedienaars van sy Woord vir sy kerk.

1. Drie jaar gelede was ‘n donker tyd vir ons gemeente en vir Johan as teologiese student gewees. Vir hom as teologiese student en wat bedienaar van die Woord wou word, en vir ons wat na ‘n bedienaar van die evangelie van Jesus Christus gesoek het.

Die rede vir hierdie uitsigloosheid vir hom en vir ons was dat dit gelyk het asof die toekoms van die kerk aan Eli en sy seuns behoort het. Dit is die posisie van die volk van die Here in 1 Sameul 1. Eli en sy seuns het van die huis van die Here ‘n afgodstempel gemaak. Hulle het dit ‘n plek gemaak waar hulle sondes as godsdiens bedryf het in die Naam van die Here.

Hulle het dit op twee maniere gedoen. Die eerste was om die offers wat die volk aan God gebring het as hulle eiendom op te eis en die tweede was om die vroue wat diens in die huis van die Here vir die Here gedoen het, vir hulle eie seksuele drifte op te eis. So het hulle van die Israel se huis van aanbidding ‘n afgodstempel gemaak.

Dit was nie maar sommer net persoonlike swakhede of wangedrag nie. Dit was deur hulle priesterskap ‘n doelbewuste magsgreep waarmee hulle die Here en die godsdiens van die volk gekaap het om hulle eie spirituele besigheid te wees.

Hulle het van die offers waarmee die volk God se goedheid, trou en liefde kon sien omdat hulle nie die offers vir God moet wees nie, kos vir God en sy verteenwoordigers gemaak. Met offers moes die volk nou God en sy priesters voer. So het hulle die dank, eer, lof en aanbidding vir God geroof as verering wat hulle toekom.

Met die teistering van die vroue in die tempel het hulle van hulle tempelprostitute gemaak wat in die innigheid en lyflikheid van die priesters die nabyheid van God kamstig moes beleef het. So het Eli en sy seuns losbandigheid aanbidding in die tempel gemaak.

2. Hierdie was ‘n donker tyd in die volk van die Here se bestaan. Die diens aan God in die tempel van die Here is gekaap gewees deur goddelose priesters en leiers. Dit het gelyk of hierdie donkerte die toekoms van die Here se kerk en sy aanbidding van

die Here is. Hierdie priesters en leier, Eli en sy seuns, het van God net nog ‘n afgod en van godsdiens net nog ‘n afgodsdiens gemaak binne in die tempel en die bedryf van die tempel.  Eli en sy seuns het van die Here se volk net nog ‘n kultus gemaak soos al die kultusse van alle nasies.

Wat doen God met hierdie kaping van sy offers en sy aanbidding in sy tempel?

Die Here God is nie net nog ‘n stil beweginglose afgod wat moet kyk wat met Hom gedoen word en wat met Hom gebeur nie. God kom en skep ‘n nuwe priester wat weer offers as tekens van God se liefde en trou sal bedien en waar die priester waar die Here se volk in aanbidding sal lei.

Dit is wat die Here met Hanna doen. Hy gee aan haar die kind wat ‘n einde aan die afgodsdiens in sy tempel gaan maak.

God is die Here oor alle magte soos Hanna Hom aanroep en aanbid. Hy is die Here oor die mag van Hanna se onvrugbaarheid en die Here oor die gewaande mag van Eli en sy seuns. So het die Here God Homself al reeds vanaf Abraham openbaar. Uit die onvrugbare Sara het God ‘n kind geskep en so vir Homself ‘n volk en kerk uit haar onvrugbaarheid geskep. Uit die onvrugbaarheid van Hanna  kom God en skep Hy vir Homself ‘n nuwe bedienaar vir sy huis van ontmoeting en aanbidding.

So is Samuel ‘n beloftekind. ‘n Kind van God en in God se verbond en nie ‘n kind van die mag van die afgodsdiens van Eli en seuns nie.

Hoe is God die Here oor alle magte vir Eli en seuns, en vir Samuel?

Die Here gebruik die mag van afgodsdiens waarmee Eli en seuns God ‘n afgod probeer maak, deur  Sameul daaraan bloot te stel en daardeur te laat wroeg vandat hy ‘n drie jarige seuntjie is. God het Samuel die volle impak van hierdie ontheiliging van God in sy siel laat deurleef. As gelowige verbondskind moes hy die pyn ervaar van die ontering en minagting van God in die tempel deur die hoof en seuns van die tempelhoof.

So het God Samuel as priester gevorm wat die minagting van God in afgodsdiens ken en deurleef het en hom so gevorm het om die priesterdiens in die tempel te herstel sodat God weer vertrou en aanbid kon word in die tent van Samekoms. God is die Here oor alle magte, ook die magte wat Hom minag en probeer verneder.

3. Net soos die Here van alle magte Moses as seuntjie in die paleis van die Farao laat grootword het, om met al die  wysheid en mag van Egipte, die Here se volk uit Egipte te bevry, net so het die Here die beloftekind, Samuel, laat groot word in die afgodsbedryf van Eli en seuns om sy volk van hulle afgodsdiens te bevry. Die fees waarop Hanna se gebed deur die Here geantwoord is, was die Loofhuttefees. Dit is die fees van die uittog uit Egipte deur Moses,  Moses wat as kind in die Farao se huis grootgeword het. Die Here het die moord van kinders deur die Farao gebruik

om die man wat Israel uit Egipte sou lei, ‘n kind in die Farao se paleis te maak. God is die “Here oor alle magte.

Terwyl Eli en seuns hulle  spirituele mag oor God en sy tempel gevier het, het God ‘n bedienaar van sy Woord as kind in hulle tempelbedryf laat grootword. Die mag van Eli en seuns het gemaak dat die Woord van God seldsaam was in die volk van God, (1 Sam. 3:1), maar God skep self bedienaars van sy woord ook in en deur die magte van die goddeloosheid en sedeloosheid van valse kerklike leiers en priesters.

Wat ons as gemeente, en Johan en Zilcha met hulle familie vanoggend in hierdie geleentheid van sy bevestiging as bedienaar van God se Woord saam beleef, is ‘n getuienis dat God self bedienaars van sy Woord skep vir sy kerk.

Ek het drie jaar gelede in daardie donker tyd toe ons nie gesien het hoe ons vir ons gemeente ‘n bedienaar van die evangelie van Jesus Christus gaan kry nie, hierdie preek gepreek soos ek dit tot nou toe vir u hier gepreek het. Ons het toe nie van Johan en Zilcha geweet nie en Johan en Zilcha het regtig nie geweet daar is ‘n plek en gemeente soos Levubu nie.

In hierdie preek het ek  destyds die gemeente op grond van die openbaring van God as die Here oor alle magte volgens 1 Sameul opgeroep tot drie geloofsoortuigings.

Die eerste was dat Eli en seuns nie die gemeente se toekoms is nie. God self sal Eli en seuns se mag op die NG Kerk en ons gemeente verbreek. Ons hoef nie te baklei en te veg vir God se eer nie. God doen dit self volgens die openbaring van God se mag: “Maar nou is die uitspraak van die Here, ‘Ek sal dit nooit toelaat nie! Want mense wat My eer sal Ek eer. Maar mense wat My minag, sal veragtelike wees. (1 Sam. 2: 30)

Goddelose en losbandige predikante, professore, teologiese studente en proponente is nie ons kerk se toekoms nie. God self sal hulle in sy kerk veragtelik laat wees. Daarom mag ons nooit Eli en seuns se drome, planne, visioene, visies en missies glo soos hulle dit vir hulself glo nie, en nooit ons toekoms daarin sien nie.

4. Die tweede saak waartoe ek die gemeente opgeroep het was dat ons die Here sal vertrou dat Hy in die stilte van ouerhuise en onder die druk van die goddeloosheid en sedeloosheid van Eli en seuns, Samuel ‘s  sal skep vir sy kerk om die seldsaamheid van God se Woord binne sy kerk te beëindig. (1 Sam. 3:1) Dit terwyl spirituele leiers besig was om in dieselfde tyd magsverklarings te maak dat die ou soort dominees nou uit die kerk verdring moet word vir die nuwe prediking van Eli en seuns. Binne die gemeente se verdrukking dat ons binne die werk en beheer van Eli en seuns nie meer predikers van die evangelie van Jesus Christus binne die kerk sien nie moet ons steeds op die Here vertrou wat juis binne en deur binne hierdie uitsigloosheid bedienaars van sy Woord skep en vorm.

Die derde saak waartoe ek die gemeente uit die Woord van die Here opgeroep het, was dat ons in hierdie vertroue in die stille werking van God in sy kerk, dan as

gemeente moet voorbidding doen vir die Samuel wat ons nie nou ken nie maar wie God besig is om vir ons ‘n bedienaar van sy Woord te maak. En in geloofsvertroue in die Here het ons met hierdie gebed het ons in ons harte volhard.

Daarom is vanoggend vir ons as gemeente en vir Johan en Zilcha so besonders. Die Here het hulle vir ons en ons vir hulle gegee. Die Here het ons gebede dat Hy vir ons ‘n Samuel sal skep uit en die onder die chaos van Eli en seuns waarteen ons nou vir jare moes vaskyk, verhoor. Die Here het ons gebede verhoor. Hy het vir ons ‘n Samuel behoue laat bly wat ten spyte van die spirituele en kerklike mag van Eli en seuns, ‘n bedienaar van die Woord van God is.

Hy het Johan deur al sy aanvegtinge en wroegings oor die goddeloosheid en sedeloosheid wat hy moes deurleef vir ons as bedienaar van die Woord van God behoue laat bly.

Die Here het ons gebed verhoor anders as wat ons as gemeente en kerkraad mee besig was. Ons het vir 5 jaar lank na Samuel gaan soek terwyl ons van een Eli seun na die ander moes rond geploeter. En toe, toe ons nie gesoek het nie het die Here Johan en Zilcha vir ons as gawe gegee. Die wyse waarop God self beskik het dat hulle en ons paaie kruis was net ‘n bestiering van die Here, Heer oor alle magte. En nou is hierdie magsdaad van die Here deel van die geloofsidentiteit van ons gemeente.

Kom ons loof, dank en eer die Here wat self dienaars van sy Woord vir sy kerk skep.

5. Johan die Here het jou geroep en gevorm as bedienaar van sy Woord in die NG Gemeente Levubu.

Vind ook in die lyding wat jy moes deur leef onder Eli en seuns die raadsplan van die Here. Jy ken die binnekant van die goddeloosheid en sedeloosheid binne die christelike kerk, binne die NG Kerk ook, soos dit in die kerk se lering, eredienste en lewe gevier word as die minagting van God in die Naam van God. ‘n Minagting wat van die aanbidding van God die Vader en Jesus Christus sy Seun net nog ‘n spirituele ervaring van afgodsdiens maak en van Jesus net nog ‘n spirituele leier van afgode maak.

Hierdie minagting van God het die Woord van God, die evangelie van Jesus Christus se lyding en opstanding iets gemaak wat nou selde in die kerk gehoor word, net soos die woord van God in die tyd van Eli en seuns selfde was, en onder Eli en seuns altyd selfde sal wees.

Wees die bedienaar van die Woord wie God jou vir sy kerk gemaak het – ook deur jou innerlike wroegings en ontsteltenisse oor hoe God in sy tempel en tempeldiens geminag word.

God skep bedienaars van sy Woord vir sy kerk

Die Here het jou as bedienaar van die evangelie van Jesus Christus na die NG Gemeente Levubu geroep. Jy en Zilcha het die Here oor alle magte se beskikking en bestiering hierin op ‘n uitsonderlike wyse beleef.

Hierdie gemeente het die Here vir ‘n Samuel vertrou, op die Here vir hierdie Samuel gewag en vir so ‘n bedienaar van die Woord van die Here gebid.
Wees vir ons die Samuel wie die Here jou gemaak het en vir wie ons die Here voor gevra het. Wees hierdie Samuel saam met die leraars van die Ring van Louis Trichardt want in hierdie Ring is daar nie Eli en seuns nie. Wees vir die NG Kerk Samuel want baie gelowiges bid God om die uitkoms uit die vernedering van die bedryf van goddeloosheid en sedeloosheid binne die eredienste en geloofswerk van die NG kerk. Duisende wat op sy leer.

Maak die Woord van die Here oorvloedig in die Levubu vallei.